VERJAARSDAE REGSTELLING

Verlede week in die Bulletin se verjaarsdae was foutief. Geluk aan die lidmate wat verjaar het. gedurende 3 Junie tot 9 Junie 2018

3 Junie: Anéle Burmeister' Albert Engelbrecht, Mechelle Geldenhuys, Heinro Theunissen
4 Junie: Gideon Geldenhuys, Minette Jordaan, Stephan Nel
5 Junie: Linda de Klerk, Anmar Mostert, Tharina Steyn
6 Junie: Sus Bruwer, Mienke Greyling, Wouter Hanekom, Katrien Visser
7 Junie: Ancke Blom, Luan Giliomee, Hermien Nelson, Dirkie Sauer, Albert Schultz, Julia Wessels
8 Junie: Dalene Hanekom, Bappie Laubscher, Max Michau, Lizelle van der Westhuizen, Jeanne Visser
9 Junie: Alicia Bestbier, Elize Botha, Elthia Kremer, Anmarie Kriegler, Janie Nieuwenhuis

Verjaarsdae: 10 Junie tot 16 Junie

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Jonker	Johan	06/10		27845909828
Lombaard	André	06/10	023 316 1651	27824939999
Nieuwoudt	Stephan	06/10		
Swart	Mariane	06/10	0233123481	27823345887
Du Toit	Jan-Linde	06/11		
ontong	julian	06/11	0233123179	
du Toit	Delani	06/12		27723457416
Mostert	Mossie	06/12	023 312 1337	27834805613
Nieuwoudt	Anene	06/12	023 312 2718	27828772472
Van Staden	Henna	06/12	023 312 1919	
Viljoen	Anneke	06/12	023 312 2801	27748090784
Campher	Rina	06/13		27828225447
Kershoff	Nellie	06/13	023 312 1543	27835052233
Van Der Westhuizen	Nick	06/14	0233123966	27837576497
De Jongh	Lourens	06/15		
Hoffman	Daniel	06/15	023 312 1426	
Morkel	Martené	06/15	0731468799	27727275582
Bester	Marizaan	06/16	023 312 2210	27823058182
Hendrikz	Viccie	06/16	023 312 3587	
Mostert	Angelique	06/16	023 312 1337	27832547208

Vergeet-my-Nietjies

Byeenkoms van die Vergeet-my-Nietjies vind plaas op **Dinsdag, 17 Julie 2018** by **Ceresvallei Kerksaal** vanaf 09:30 tot 10:00. U word uitgenooi na ons MARKDAG. Al die produkte op die tafels sal R 5 kos. Spaar solank julle vyfrande. **Laat weet asseblief voor Maandag, 9 Julie** of julle teenwoordig gaan wees.
Kontakpersoon: Bertha Fourie Sel: 0824402250 of 023 316 2382

Nederduitse Gereformeerde Kerk Ceresvallei

Pastorie: Vosstraat 61, Ceres 6835 Tel: 023 312 1437
Kantoor: H/V Porter en Vosstraat, Posbus 67, Ceres 6835 (T) 023 312 1602
(F) 086 604 4260, (E-pos) ngkceresval@telkomsa.net
Skriba: Marizelle Louw 073 144 2445
Koster: Cobus Rossouw 082 977 8369

LET WEL: Die Bulletin is ook beskikbaar op die webwerf by www.ngkceresvallei.co.za.
BANKBESONDERHEDE: ABSA Ceres, Tjekrekening nr 350580026

Bulletin 10 Junie 2018

Welkom by vandag se erediens

VANDAG

Teks: 1 Kor 12 (Rom 12: 4-8; Efes 4: 12-16)
Tema: Die Herder-Kudde/Liggaamsmodel help ons hoe om in Jesus se voetspore te volg.
Sinodale Offer: Jeugwerk

VOORBIDDING

Cathy Fredericks, Danie v/d Merwe, Willie van Staden, Christa Pelser Taljaard, Sanet Terblanche, Jannie Taljaard en Dirk Kotze.

- Dankie vir die reën
- Eksamens: Leerders/Studente
- Gees van vernuwing in denke, gedrag en praktyk van Leiers en Lidmate

Ruimtes

Indien u nog nie ingeskakel het nie, kontak die volgende persone:
Vrye-Assosiasie Ruimtes: Piet Nieuwoudt by 0828763375.
Geografiese Ruimtes: Johan du Plessis by 073 169 1936 en Jean J v Rensburg by 082 776 0830
of ds Frankie by 071 171 2271.

Spesiale Fondsinsameling 2018:

Soos u bewus is word daar in die jaar wat ons nie Kermis hou nie 'n spesiale fondsinsameling gehou. In die verlede het ons 'n kontantinsameling gehou maar dit was ongelukkig nie so suksesvol nie. Vanjaar het ons 2 groot projekte (Buitelug Expo & Jo Black vertoning) aangepak en kan ons met trots sê dat ons tot op datum die mooi bedrag van R 97 148 ingesamel het. Daar is nog vleis wat oor die komende maande verwerk gaan word wat nog 'n goeie ekstra bedraggie behoort by te voeg. Ons wil graag vir almal wat op een of ander manier 'n bydrae gemaak het of iewers gehelp het baie dankie sê. Dankie vir die ruimtes wat gewoeker het en 'n groot bydrae gemaak het asook elke individue wat vir ons die projekte makliker gemaak het. Dankie vir elkeen wat sy beursie, hart en hande vir ons oopgemaak het. Aan die einde van die dag is die geld belangrik maar ons dink ons het as gemeente baie meer uit hierdie projekte gekry in die vorm van lekker samewerking en veral by die Jo Black vertoning, 'n inspuiting van positiwiteit vir die toekoms.

Bemarking

Die Gemeenteraad het die hulp van kundiges op die gebied van bemarking nodig. Indien jy beskikbaar is, laat weet asb. die kerkkantoor.

Gebed

Here, U het laas Sondig vir ons gesê dat aan elkeen van ons 'n werking van U Gees gegee word. Here, ek dank U dat hierdie belofte ook vir my waar is. Maar Here, ek weet nie hoe U Gees deur my wil werk nie. En Here, ek ervaar nie altyd die werking van U Gees in ons gemeente nie. Soms wonder ek of U Gees wel in my woon. Jesus, U het gesê dat elkeen wat in U glo, die Heilige Gees sal ontvang (Joh. 7). Ek glo in U, Jesus! U sê ook dat ons moet vra vir U lewende water (Joh. 4). Ek vra weer vandag, of miskien vir die eerste keer: Gee aan my van U lewende water, U Heilige Gees. Hemelse Vader, dankie dat U getrou is aan U Woord en dat U die Heilige Gees gee vir die wat vra (Luk. 11:13). In die geloof ontvang en verwelkom ek U Gees. En Here, stort U liefde in my hart uit deur U Gees. In die eerste plek, liefde vir U, maar dan ook liefde vir myself en liefde vir mense rondom my. En Jesus, laat U Gees deur my werk tot voordeel van almal.

Ek bid en vra hierdie dinge in die Naam van Jesus Christus. Amen

GEMEENTE KOMMUNIKASIE NA AFLOOP VAN STRATEGIESE SESSIE OP 18 & 19 MEI 2018

Na afloop van 'n Gees-vervulde strategiese sessie op 18 en 19 Mei het die Here ons gelei tot 'n gedeelde visie waarop ons as die Gemeente van NG Kerk Ceresvallei gaan fokus. Hierdie visie sal voor die opkomende
Bestuurs- en Gemeenteraadsvergaderings as voorstelle dien vir aanvaarding en implementering:

1. Ons gaan 'n liggamsgeoriënteerde gemeente wees en nie meer 'n Herder/kudde model volg nie. Dit beteken dat die gawes van elke gemeentelid deur prosesse geaktiveer gaan word om die verskeie take waartoe God ons as Christene roep, te vervul tot uitbouing van Sy Koningkryk en volbringing van Sy opdrag aan ons op aarde om dissipels te wees.
2. Dié prosesse sal, by aanvaarding, fasiliteer word deur Coen Scholtz en bestuur word deur 'n toegewyde taakspan onder leiding van Susan Blomerus.
3. Alhoewel ons wegbeweeg van die Herder/kudde model, gaan die Bestuursraad die werwingsproses vir 'n opvolg-Leraar in die plek van Ds. Frankie inisieer. In die proses vra ons die gemeente se biddende ondersteuning in ons soeke na 'n leier wat (i) dieselfde visie deel wat God aan ons openbaar het, (ii) bereid is om saam met ons gemeenteliggaam te groei op die nuwe pad ter bereiking van die visie en (iii) energieke toerusting kan help verskaf aan die lede wat die liggaamsfunksies vervul. Daar word geen tydlyn gestel op die aanstelling van sodanige opvolger nie, aangesien ons van die Here afhanklik is om die regte persoon op die regte tyd deel te maak van ons reis. Die Gemeenteraad sal u deurlopend op hoogte hou van die vordering.
4. Die opsie van breër samewerking met ons buurgemeente(s) is nie van die baan nie, en bly op ons agenda op die reis vorentoe alhoewel nie as top-prioriteit nie.
5. Vir nou is die praktiese sake wat ons dringende prioriteit geniet: Toerusting van lidmate volgens gawes (reeds betrokkenes); Uitreik na lidmate wat tans nog onbetrokke is om hulle in te skakel en toe te rus.

Ons vertrou dat die kragtige werking van die Heilige Gees hierdie visie aan almal sal
openbaar om ondersteunend voort te bou op die vernuwing/herlewing strategie waarop ons as gemeente die afgelope 3 jaar op reis is.

*!!**GELEENTHEID OM TOEGERUS TE WORD OM 'N VERSKIL TE MAAK IN ONS OMGEWING/GEMEENTE!!***

Focus Africa Konferensie 22/6 – 24/6

Hierdie internasionale konferensie is 'n toerustings-geleentheid vir alle Christene om bestaande platforms soos bv. besighede, onderwys, sport, landbou, kuns en ander, te gebruik om doelbewus Sy lig te laat skyn. Ons lewe in opwindende tye waar alle nasies tans na ons dorpe en stede kom en op ons drumpel kom bly. *SLUIT VOLKOME AAN BY ONS GEMEENTE SE PAD VAN HERLEWING – IN DIE VOETSPORE VAN JESUS.*

Visie van konferensie:
Mobiliseer kerk
Ontwikkel innoverende wyses om Christene te
mobiliseer deur hul verskeie professies
Gee geleentheid vir Christene in alle professies en stadiums van die lewe om opgelei te word om hul gawes en passies in diens van Koninkryk van God te gebruik. By die konferensie sal mense die geleentheid kry om deur verskillende seminare en werkswinkels inligting te kry oor verskeie sendingvelde en –geleenthede.
Plek: PW Botha Kollege, George
Datum: Vrydagaand, 22 Junie tot Sondagaand, 24 Junie 2018
DIT SAL GOED WEES AS DAAR PAAR VERTEENWOORDIGERS UIT ONS GEMEENTE GAAN!
Besoek focusafrica@ethnosministries.co.za om te registreer of kontak Susan Blomerus

Openingsgesprek tydens Gemeenteraadsvergadering van 28 Mei 2018
Herder-kudde/Hoof-Liggaam modelle van kerkwees.

Lees: Ps 23/Johannes 10: 1-16/Hand 20: 28-32 beeld **van herder-kudde**
Rom 12: 4-8/1 Kor. 12:1-30/Efes 4: 12-16/ 1 Petr 4:10-11 beeld **van Hoof-Liggaam**

Kommentaar:

1. Die **herder met sy kudde** was in Bybelse tye 'n algemeen bekende boerdery praktyk. Die herder sorg, lei en beskerm sy kudde. Dawid is die bekende herdersfiguur uit die Ou Testament (1 Sam 16:11; 17: 34-35) .Konings het ook die titel gedra omdat hulle die volk moes lei en beskerm (Jer. 23: 1-5). Ps 23 pas die beeld op die verhouding tussen God en Sy verbondsvolk toe. God, soos 'n herder, sorg, lei en beskerm Sy kinders. In Joh. 10 verklaar Jesus dat Hy dié goeie Herder is. Met ander woorde: Hy is God wat vir die wat in Hom glo, sorg, hulle lei en hulle beskerm. Soos 'n Dawid van ouds plaas Hy sy lewe daarvoor op die spel. In die eerste gemeentes is ouderlinge herders genoem. (Hand. 20: 28-30). Oor tyd is die dominie algemeen gesien as die herder van sy gemeente – die kudde. Die metafoor beklemtoon die vloei vanaf leier (hy sorg, lei en beskerm) na die mense wat ontvang. Die leier is aktief en die mense meestal passief. Die **herder-kudde metafoor** werk as 'n bedieningsmodel slegs in gemeentes kleiner as maksimum 120 lede. Die ouderlingsamp, soos wat dit in Nuwe Testament gemeentes waar daar weinig meer as 'n groepie huisgesinne saamgekom het, het inderdaad dié klem geplaas op die herderlike/geestelike leiding (lering), en beskerming van gemeentelede teen veral dwaalleraars . In ons gemeente sal ons moet besin of "Ruimte"-leiers nie vorentoe weer in dié amp bevestig en toegerus moet word nie.

2. Die **Hoof-liggaam metafoor** word veral deur Paulus gebruik. Christus is die Hoof van die kerk. Soos die brein elke liggaamsfunksie beheer, is Jesus die "Brein" van die kerk wat opdragte gee wat uitgevoer moet word. Hoe dit uitgevoer moet word, word nou na analogie van hoe die menslike liggaam funksioneer ,verduidelik.

- Die **kerk** op aarde is een wat in een drie-Enige God glo (Efes 4:4-6), **een liggaam** met **een Hoof.**
- In die kerk het **elke gelowige 'n gawe/gawes tot voordeel van almal** ontvang (1 Kor. 12:7). Met ander woorde gawes is geskenke van God in belang van die Koninkryk. Die gawes is nie slegs vir "Na binne", maar ook vir "na buite" aan ons gegee.
- In die kerk, soos in die liggaam, is **elke lid aktief**, **ewe belangrik**, **afhanklik van mekaar** en **verantwoordelik vir mekaar**.
- Die "olie" wat alles glad laat verloop, is die **LIEFDE** – vrugwerking van die HGees (1 Kor. 13).
- Die **gesindheid** waarop die samewerking geskoei is, het Jesus tydens Sy aardse lewe gedemonstreer : **diensbaarheid**, **offervaardigheid**, **nederigheid, gehoorsaamheid** aan God.

SAMEVATTING:

1. Wanneer ons as Gemeenteraad vir die liggaamsmodel kies, is dit om praktiese redes die Bybelse model wat ons help om elke lidmaat tot diens te motiveer in die groter gemeente/gemeenskap.
2. Dit is nie 'n keuse vir 'n beter model en die verwerping van 'n slegter model nie. Beide modelle het sy plek in die geloofsreis van gemeentes – dit komplimenteer mekaar.
3. Toerusting ("teaching" & "training") is krities belangrik om 'n geestelike kultuurskuif van passief na aktief te bewerkstellig.
4. Fokus in die erediens en "Ruimtes" moet deurlopend geplaas word op die "low hanging fruit" – aksies van dit wat reeds gebeur en/of besig is om te gebeur eerder as té veel klem op diegene wat nog
I ledig op die markplein rondstaan. Laasgenoemde moet lus kry vir dit wat hulle sien en hoor aan die gebeur is.
5. Baie meer tyd sal spandeer moet word aan gedifferensieerde leierskaptoerusting – leiers oor 100, 50, 20 en 10 na analogie van Eks 18 .